Loerie Nartjiefees 30 September 2023

Septembermaand is Nartjiefeestyd en op Saterdag, 30 September, hou ons weer Nartjiefees op die kerkgronde van N G Kerk Loerie. Dit is die DERTIGSTE keer dat hierdie gewilde gesinsfees aangebied word. Hierdie gróót mylpaal maak Nartjiefees beslis een van die oudste feeste in die Oos-Kaap en ons verwag weer 'n rekord aantal mense by die fees.

'n Eerste is dat drie gemeentes (Despatch-Suid, Bothasrus en Loerie) die fees saam reël en aanbied. Die samewerking tussen die gemeentes is goed en nuwe vriendskappe is tydens vergaderings gesmee. Mense wat mekaar nou vir die eerste keer ontmoet het, werk heerlik saam …… alles tot eer van Sy Naam.

Die kunstenaars wat vanjaar optree is Brendan Peyper (met volle orkes), Lianie May, Elvis Blue, Dillon Lerm en Chris en Elmari Brits. Ons glo dat hierdie musiek in almal se smaak sal val.

Benewens kunsmarkstalletjies (skilderye, juweliewersware, houtwerk, speelgoed, leerwerk, klere, dekor artikels, plante en vele meer) word daar heerlike kos vanuit die kosstalletjies verkoop. Kerrie en rys, hamburgers, sosaties, boereworsrolle, nagereg, pannekoek, gebak, biltong, droëwors en kerrie vetkoeke en "slap chips" gaan almal se monde laat water. Nartjies, vrugte, groente en Tannie Joan se tuisgemaakte konfyt is altyd 'n groot aantrekkingskrag. Die koffiewinkel in die saal bied keurige koek en tert wat saam met jou koffie of tee beskikbaar is.

Toegangskaartjies, wat al die kunstenaars se optrede insluit, is R150 vir volwassenes en R80 vir leerders. Kaartjies kan tot 28 September by die volgende plekke gekoop word:

Jeffreysbaai: Slaters Toy Magic 042 293 3992
PE: Westway Tickets 082487 3118 www.westway.co.za
Despatch: Grazing Cow Butchery 041 933 4559 Body Fuel Express 041 933 1598
Kaartjies sal ook by die hekke beskikbaar wees.

Die fees begin Saterdagoggend om 09:00 en sal teen 15:30 klaar wees. Onthou asb om opvoustoele saam te bring. Geen piekniekmandjies of gazebo's word op die terrein toegelaat nie. Nartjiefees is 'n gesinsfees en daarom word daar geen drank toegelaat nie.
Die fees word Sondagoggend om 10:00 in die N G Kerk Loerie tydens 'n feesdiens afgesluit.

Alle navrae omtrent die fees kan by 079 063 4488 verkry word. Ons is ook op Facebook. Meer inligting is op die webblad www.nartjiefees.co.za beskikbaar.

Alle fondse gaan om gemeentelike uitgawes te dek en ons verskaf ook werksgeleentheid aan mense in ons omgewing.

Kom kuier saam met ons by die Nartjiefees ……. Dit is nog altyd die lekkerste gesinsfees waar familie en vriende in die pragtige natuur van die Gamtoosvallei kuier en ontspan.

Julle is die lig vir die wêreld
NG Kerk Despatch-Suid

Loerie
NG KERK

NG Kerk Bothasrus